trinitas

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG 3 MEI 2015

OGGEND 09:00 (Welkom aan Wouter Smit wat die oggenddiens lei)

Die koninkryk van God is 'n koninkryk van kinders (2)

Teks: Matt. 18:4-14

GEEN AANDBYEENKOMS

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag 5 Mei

Aandbybelstudie 19:00

Kerkraadsvergadering 19:00

Woensdag 6 Mei

Oggendbybelstudie 09:00

Klassisvergadering 18:00

(GK Vereeniging)

Gedagte

Woorde kan hulle eie betekenis verander volgens die gesindheid van die aanhoorder.

- Otto Weiss (1849 - 1915) -



2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Magriet Smuts (0722329341) is steeds in Emf. Medi-Clinic opgeneem met longontsteking.
- Ons innige meegevoel met Hannes en Heleen Malan (0834586996) wie se seun Corné oorlede is. Die begrafnis was reeds Donderdag.
- Lieke Visser (0169821532) is Woensdagmiddag by haar huis in 'n gewapende roof aangehou. Sy het gelukkig niks oorgekom nie.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

03/05	Ian Coetzee	☎0828554816
03/05	Gerhard Kotzé	☎0822112407
03/10	Christo Kruger	☎0823377625
03/10	Frans Labuschagne	☎0738131170
03/10	Louise Labuschagne	☎0832298113
03/10	Susan Minnaar	☎0845004839
03/05	Dewald Pieters (jnr)	☎0762353196
04/05	Sonja Venter	☎0833392870
05/05	Gerhard Kotzé	☎0835713812
05/05	Gideon Louw	☎0169824915
05/05	Lisa Louw	☎0169824915
05/05	Hennie Nienaber	☎0763598939
06/05	Justin Boem	☎0824515375
06/05	Gert de Lange	☎0833050914
06/05	Hans van Deventer	☎0834154390
06/05	Talita Visser	☎0843110201
07/05	Niek Botes	☎0792135411
07/05	Elma Coetzee	☎0720619064

07/05	Centhe'O Erasmus	☎0728718706
07/05	Ina Roets	☎0824437621
07/05	Bertus Schrap	☎0834699144
07/05	Roela van Wyk	☎0828538434
07/05	Noleen Whiteman	☎0837708096
08/05	Louis Bezuidenhout	☎0828957831
08/05	Lourens Coetzee	☎0823196726

SPESIALE VERJAARSDAE
7 Mei. Roela van Wyk, 90 jaar.

HUWELIKSHERDENKINGS
3 Mei. Jack & Alta vd Schyff, 40 jaar.
6 Mei. Neels & Klein Harmse, 48 jaar.
7 Mei. Alan & Renate Brotherton, 27 jaar.
09 Mei. Faan & Jakkie Coetzee, 56 jaar.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

BYBELSTUDIE
Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.
Dinsdagaande om 19:00 (Carterstraat 16).

NUWE LIDMATE
Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die kerk se hoofingang.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes van der Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
03/05 – Dewald Pieters en Floors Coetzee

DIAKENS AAN DIENS
03/05 – Michiel J van Vuuren en Marie Oliver

KOSTER AAN DIENS
03/05 – Theuns
10/05 – Elsa

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

KOLLEKTES
Onder die erediens vir die Diakonale Kas
03/05 – Evangelisasie/Sending
10/05 – Christelike onderwys (Arso lesmateriaal)

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, 0828111990, vir

inligting (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

TEESKINK
Die volgende teeskinkbeurt is op 10 Mei na die langnaweke, dan skink Jorien Duminy se groepie.
Anette van der Walt, 0845334548, is die sameroeper van hierdie diensgroep.

KLEUTERKERK
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake.
Donasies kan inbetaal word by:
FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04,
Takkode: 250-945.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **(Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis –** Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

BYBELS EN PSALMBOEKE
Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat wil, kan nog Bybels en groen Psalmboeke skenk en op die tafel plaas vir erediensgebruik.

Die diakonie vra dat die gemeente die vrymoedigheid sal hê om gebruik te maak van **Die Helper**. Dit is 'n *diens* wat ons aan die gemeente bied. Vir hulp van enige aard, kontak asb. die diakonie of los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal. Kontak André Smith, 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

4 Gestuur

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
"Naina en Fafa is sendelinge in Madagaskar wat ons ondersteun. Hulle het pas begin met hulle Bybelskool! Bid asb. vir hulle volharding en ander behoeftes met so 'n nuwe projek."
Op *Facebook* "Naina, Fafa and Mirado".
Indien jy 'n bydrae wil lewer:
Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748.

PIKININI BREIPROJEK
Donasies vir die projek kan in die groot houer in die saal geplaas word (waarin kosskenkings aan die diakonie ook geplaas word). Kontak Jackie Kleynjan, 0833814020.

Kontakpersoon:
Hardus Visser,
0828215642.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af, daar is 'n werker wat dit sal sorteer, maar daar is ook instruksies wat sê wat presies in watter houer gegooi kan word indien jy self jou herwinning wil sorteer. Moet asb. nie enige inkopiesakke bring nie, dit word nie opgelaai nie en lê dan rond. (Indien jy te veel inkopiesakke het wat by die huis rondlê, kan dit aan die diakonie of aan die kospakkie-diensgroep geskenk word.) Sakke met herwinnings-materiaal kan Maandae tot Vrydae tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste afgelaai word by die herwinningsarea agter die katkisasie-lokale. Kontak Maureen van Helden, 0823922093.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR MEI

- 12 Mei Lotuslandersbyeenkoms
- 14 Mei Hemelvaart
- 31 Mei Nagmaal en Nagmaalete

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- FEBA Radio
- Geopende Deure; *opendoors.org.za*
- Kruispad nuus
- Voorlegging rakende godsdienstige openbare vakansiedae in RSA
- Kerkgroei in die praktyk: GK Brooklyn, Saterdag 20 Junie
- Nuusbrief Nasionale Instituut vir Dowes

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.
Kostes: R116 (gedruk)/R85 (elektronies). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

BYBEL, 'N DIREKTE VERTALING
Die Sinode het die **Deputate Bybel, Direkte Vertaling** aangewys om nou reeds te begin met die evaluering van die vertaling, sodat daar in 2018 (of so gou moontlik na afhandeling van die projek) 'n weloorwoë besluit geneem kan word oor die amptelike gebruik daarvan. In die lig

van hulle opdrag nooi die Deputate lidmate in die kerkverband van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika uit om hulle insette en kritiek op die Bybel, 'n Direkte Vertaling (BDV) aan die lede van die Deputate te stuur sodat hulle daarmee kan handel. Die Deputate bestaan uit Drr. Braam Kruger (voorsitter), Jan Lion-Cachet (skriba), Hennie Goede, Albert Coetsee, Prof. Paul Kruger, Dss. Stefaans de Bruyn en Coen Vrey. Die Deputate versoek lidmate om hulle insette en kritiek op die gepubliseerde uitgawe van die Nuwe Testament en Psalms voor of op 30 September 2015 aan die skriba, Dr. Jan by janlc@koshcom.co.za deur te stuur. Lidmate word daarop gewys dat kommentaar en kritiek ook direk aan die Bybelgenootskap gestuur kan word, bdvkommentaar@biblesociety.co.za. Verskillende tekste (ook dele van die Ou Testament) is op hulle webblad beskikbaar vir kommentaar: http://www.bybeldirektevertaling.co.za/.

SCRIPTURA

Ek is tans 'n finalejaar teologiese student en het onlangs die projek, www.scriptura.co.za, op die been gebring. Ons vind vandag heelwat inligting vanuit allerlei geloofskringe op die internet . Tog is die Gereformeerde stem op internet taamlik stil.
Dit is juis om hierdie rede, dat die webblad www.scriptura.co.za op die been gebring is. Dit is 'n webblad wat poog om 'n groot databasis van artikels asook preke van predikante en teologiese studente in die Gereformeerde Kerk te versamel. Jy kan dus gerus op die webblad gaan soek vir antwoorde op vrae soos: Is aborsie reg of verkeerd? Hoe moet ons Openbaring verstaan? en nog vele ander. Daar is byna daagliks nuwe leesstof! Gaan kyk gerus!
Kontak my gerus as jy vrae het, of as jy iets op die webblad wil plaas!
Marnix Boersema, 0713635456 of marnix@scriptura.co.za

'HOU GOD IN SKOLE' FIETSTOER

AfriForum dra tans by tot die regskostes van ses Christelike Afrikaanse skole wat voor die hof gedaag is oor hulle godsdiensbeoefening. Sou hierdie organisasie wat die saak teen die skole maak suksesvol wees, kan dit regoor die land, baie negatiewe gevolge vir alle skole se godsdiensbeleid inhou. AfriForum het al meer as R1.4 miljoen bygedra tot die regskostes. Ons ondersteun ook die Hou God in Skole Fietstoer en vra ook jou ondersteuning. Vir meer inligting hieroor, sien die kennisgewingborde by die hoofdeur asook in die saal. Sien op die voorblad van die dokument ook verskeie maniere waarmee jy kan betrokke raak. Stuur 'n e-pos aan die kerkkantoor indien jy die dokument elektronies wil ontvang.

FAMILIE-PROJEK

Ons is baie bly oor die groot reaksie op die voorgestelde nuwe "Familie-projek"! Ons beplan gemaklike sitruimte, skadu teen die son en 'n speelarea vir die kinders.

Die oorhoofse doel is om vir die nuwe oplewing in die gemeente sou gou as moontlik 'n gemaklike omgewing te gee om verder wortel te skiet. Dit gaan oor die nodigste fasiliteite wat dit vir almal lekkerder maak om langer te kuier en ons verhoudinge met mekaar te bevorder. Ook om besoekers gasvry te ontvang en maklik te laat inskakel. Die projek val daarom saam met ons kwartaaltema "Familie".

Ons wil vra dat as lidmate enige voorstelle het hoe ons die projek kan verbeter, hulle met Hardus Visser of enige ouderling sal gesels. Daar is reeds die basiese projekbuitelyn wat die nodigste wil regkry op die mees bekostigbare manier wat die kerkraad kon bedink. Daar is allerhande uitdagings om te oorweeg soos stormwaterafvoer, behoud van veeldoeligheid van die grasperk, toegang tot katkisasielokale, nut vir alle seisoene en dan ook bekostigbaarheid. Natuurlik is daar altyd ruimte vir verbetering en ons hoor graag almal se insette. As daar iets is waaroor iemand dalk bekommerd mag wees, moedig ons hulle aan om navraag daaroor te doen of dit onder ons aandag te bring. Ook om jou hulp en kundigheid aan te bied, as jy dink jy kan help.

Ons wil graag as familie hierdie projek saam aanpak tot bevordering van ons roeping en Jesus eer in die manier waarop ons dit doen. Kom ons deel ons gedagtes en gawes vir hierdie verdienstelike projek!

Familie-groete:
Griffel

ADVERTENSIEBLAD

Lidmate wat gratis in die jaarlikse Advertensieblad wil adverteer, kan hul advertensies na die kerkkantoor e-pos.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

GKTrinitas

Kerkkantoor:
Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728

Kerkkantoortye:
Maandag tot Donderdag
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

Skriba:
Gerrit van Wyk 0823328550

Kosters:
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699

Orrelis:
Nannes van der Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas
ABSA Tjekrekening 530340449

Predikant:
Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
Adres: Ogilviestraat 6, SE2 Vanderbijlpark
e-pos: griffel@gktrinitas.co.za



'n Verloste familie diensknegte wat gestuur is.